

Handelinge 15

Handelinge 15:1-41

1 En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie.

2 Toe daar nou geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Bárnabas teen hulle ontstaan het nie, het hulle besluit dat Paulus en Bárnabas en nog 'n paar ander van hulle sou opgaan na die apostels en ouderlinge in Jerusalem in verband met hierdie vraagstuk.

3 En hulle is deur die gemeente uitgelei en het Fenícië en Samaría deurgegaan en vertel van die bekering van die heidene, en aan al die broeders groot blydschap verskaf.

4 En by hulle aankoms in Jerusalem is hulle ontvang deur die gemeente en die apostels en die ouderlinge; en hulle het verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het. 5 Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou.

6 En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek. 7 En toe daar 'n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word. 8 En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons. 9 En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof. 10 Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie? 11 Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook.

12 En die hele menigte het geswyg en na Bárnabas en Paulus geluister, terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.

13 En nadat hulle geswyg het, antwoord Jakobus en sê: Broeders, luister na my! 14 Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. 15 En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: 16 Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig,

en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, 17 sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan seek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.

18 Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend. 19 Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie, 20 maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed. 21 Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoges gelees word.

22 Toe het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om manne uit hulle te kies en na Antiochië te stuur saam met Paulus en Bárnaabas, naamlik Judas, met die bynaam van Bársabas, en Silas, manne wat voorgangers onder die broeders was. 23 En hulle het deur hul bemiddeling dít geskrywe: Die apostels en die ouderlinge en die broeders aan die broeders uit die heidene in Antiochië en Sírië en Cilícië: Groete! 24 Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou, 25 het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Bárnaabas en Paulus – 26 manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus. 27 Ons het dan Judas en Silas afgevaardig om ook mondeling dieselfde berig te bring. 28 Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: 29 dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

30 So is hulle dan weggestuur en het in Antiochië gekom, en hulle het die menigte bymekaargeroep en die brief afgelewer. 31 En toe hulle dit gelees het, was hulle bly oor die bemoediging. 32 En Judas en Silas, wat self ook profete was, het die broeders met baie woorde bemoedig en versterk. 33 En nadat hulle 'n tyd daar deurgebring het, het die broeders hulle met vrede na die apostels laat gaan. 34 Maar Silas het besluit om daar te bly.

35 En Paulus en Bárnaabas het in Antiochië gebly en, saam met nog baie ander, onderrig gegee en die blye boodskap van die woord van die Here verkondig.

36 En 'n paar dae daarna het Paulus vir Bárnaabas gesê: Laat ons teruggaan en ons broeders besoek in al die stede waarin ons die woord van die Here verkondig het,

om te sien hoe dit met hulle gaan.

37 En Bárnabas wou Johannes, wat Markus genoem word, saamneem. 38 Maar Paulus het dit nie reg geag om hóm saam te neem wat van Pamfilië af hulle verlaat het en nie saam met hulle na die werk gegaan het nie. 39 Daar het toe 'n verbittering ontstaan, sodat hulle van mekaar geskei het; en Bárnabas het Markus saamgeneem en na Ciprus uitgeseil. 40 Maar Paulus het Silas gekies en afgereis nadat hy deur die broeders aan die genade van God opgedra was. 41 En hy het Síríë en Cilícië deurgegaan en die gemeentes versterk.

1. Handeling 15:1-21 – Die vergadering in Jerusalem

1.1 Handeling 15:1-5 – Paulus en Barnabas keer terug na Jerusalem

1 En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie.

2 Toe daar nou geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Bárnabas teen hulle ontstaan het nie, het hulle besluit dat Paulus en Bárnabas en nog 'n paar ander van hulle sou opgaan na die apostels en ouderlinge in Jerusalem in verband met hierdie vraagstuk.

3 En hulle is deur die gemeente uitgelei en het Fenícië en Samaría deurgegaan en vertel van die bekering van die heidene, en aan al die broeders groot blydschap verskaf.

4 En by hulle aankoms in Jerusalem is hulle ontvang deur die gemeente en die apostels en die ouderlinge; en hulle het verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het. 5 Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou.

1.1.1 Vrae by Handeling 15:1-5

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wie was die persone wat van Judea afgekom het en waar het hulle die broeders geleer? (vers 1)2. Wat het hulle leer aan die broeders behels? (vers 1)3. Wat was Paulus en Barnabas se reaksie op hierdie leer? (vers 2) |
|---|

Uit die leer van die persone wat van Judea afkomstig was, lei 'n mens af dat hierdie persone Jode was wat bely het dat Jesus Christus die Verlosser is. Maar iemand van 'n **heidense afkoms kan aan hierdie verlossing deel hê eers nadat hy besny is**. Die persone wat hierdie leer voorgestaan het, staan algemeen bekend as **Judaïste**. Die Judaïste was dus van oordeel dat alle mense eers die Joodse geloof moet aanneem en daarna kan hulle deel kry aan die verlossing in Jesus Christus. Hierdie Judaïste is uit Jerusalem afkomstig. Party mense was ook van mening dat hulle van Jakobus – die broer van Jesus – afkomstig is (Gal 2:12).

In aansluiting by Handeling 14 is dit duidelik dat hierdie Judaïste in **Antiochië in Sirië** aangekom het waar hulle hulle leer versprei het. Dit blyk dat hierdie gebeure ooreenstem met die gebeure waarvan Paulus skryf in Galasiërs 2:11-14. Die Judaïste se invloed was so groot dat selfs Petrus en Barnabas se houding teenoor die Christene van heidense afkoms in Antiochië verander het. Dit selfs nadat Petrus met sy eie oë gesien het hoe die Here ook aan Cornelius en sy huis geloof gegee het en Barnabas self gesien het hoe die Here heidene tot bekering en geloof in Christus gebring het.

Hierdie nuwe verwickelinge was die vierde krisis in die geskiedenis van die kerk wat bedreig het om die evangelie en die uitwerking daarvan in die wêreld te vernietig. Die eerste krisis was die afguns en selfsug van Annanias en Saffira (Hand 5) en die tweede was die ontevredenheid wat onder die Griekssprekende weduwees ontstaan het (Hand 6). Die derde krisis was Simon die towenaar se poging om met geld die gawes van die Heilige Gees te bekom (Hand 8). Nou het 'n leerstellige stryd sy kop uitgesteek. Hierdie was verseker die grootste krisis waarmee die kerk te doen gehad het, want dit het die vermoë om die kerk in haar hart in twee te skeur.

Lukas berig dat Paulus en Barnabas in 'n **woordewisseling** gegaan het met die Judaïste. Vir Paulus was daar geen twyfel oor die verlossing van die heidene wat tot geloof in Christus gekom het nie (Hand 13:39). Omdat hulle reeds die verlossing deelagtig geword het deur die geloof in Christus, is dit nie nodig dat hulle ook nog besny moes word nie. Paulus was vas oortuig dat die besnydenis nie nodig is om verlos te wees nie. Verlossing vind alleen deur Christus plaas en elke mens het slegs deur die geloof in Christus deel aan hierdie verlossing. Uit die berig wat

Paulus van hierdie gebeure in Galasiërs 2 gee, blyk dit dat Barnabas deur die argumente van die Judaïste oorgehaal was en hy hom dus van die heidene afgeskei het.

Die stryd wat deur die Judaïste se leer ontketen is, was nie sommer 'n kleinigheid nie. Die hart van die evangelie word met hulle leer aangetas.

4. Wie het besluit dat Paulus en Barnabas saam met andere na Jerusalem moes opgaan? (vers 2)
5. Waarom moes hulle na die apostels en ouderlinge in Jerusalem gaan in verband met hierdie vraagstuk? (vers 2)

Uit die gesprekke en debatte wat Paulus en Barnabas met die Judaïste gehad het, het dit vir die gemeente duidelik geword dat die twispunt nie daar in Antiochië opgelos sal kan word nie. Daarom, en so blyk dit, het Paulus en Barnabas saam met die hele gemeente tot die gevolgtrekking gekom dat hulle meerdere wysheid nodig het om hierdie twis op te los. **Die hele gemeente in Antiochië het besluit** om Paulus en Barnabas saam met nog ander in die gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem te stuur. Die hele gemeente was immers by hierdie twispunt betrek, aangesien Antiochië bestaan het uit Christene wat van heidense afkoms is. Die ander mense uit Antiochië wat saam gegaan het, het as getuies van die Here se werk in Antiochië saam gegaan.

Daar is reeds opgemerk dat Paulus en Barnabas saam met ander na Jerusalem gestuur is ter wille van **die meerdere wysheid** saam met die apostels en ouderlinge. Nog 'n rede waarom hulle Jerusalem toe moes gaan, was omdat die twispunt wat ontstaan het nie net met Antiochië te doen het nie, maar met die hele kerk waar die Here dit ook al tot stand laat kom het. **Hierdie saak het met die hele kerk oor die wêreld te doen.** Daarom moet die kerk saam besluit of besnydenis ook vir die heidene noodsaaklik is.

Paulus-hulle is na Jerusalem nie omdat die apostels en ouderlinge seggenskap oor die gemeente in Antiochië het nie. Dit gaan eerder daaroor dat al die apostels wat

deur die Here aangestel is saam met die ouderlinge vanuit die Skrif en deur die Heilige Gees tot die regte oortuiging moes kom.

6. Wat het die gelowiges in Fenicië en Samaria groot blydschap verskaf? (vers 3)
7. Wie het Paulus-hulle ontvang in Jerusalem? (vers 4)
8. Wat het Paulus-hulle aan die gelowiges in Jerusalem vertel? (vers 4)

Die gemeente het Paulus en Barnabas saam met die ander uit die stad uitgelei. Op die pad wat Paulus-hulle na Jerusalem gereis het, het deur Fenicië en Samaria gegaan. Op hierdie reis van bykans 480 km het hulle by verskeie Christene aangedoen en oornag. Aan al hierdie Christene het hulle vertel van die bekering van die heidene op Ciprus en in Klein Asië. **Die berig van die Here se werk onder die heidene het aan hierdie Christene groot blydschap verskaf.** Hulle het daarin gehoor hoe die Here steeds voortgaan om mense tot geloof in Jesus Christus te bring. In hierdie berigte het hulle ook herken dat die Here alle mense slegs deur geloof in Jesus Christus verlos. Daar is niks wat enigiemand moes doen om verlos te word nie behalwe om in Christus te vertrou nie.

In Jerusalem aangekom, is Paulus-hulle deur **die gemeente** in Jerusalem **sowel as deur die apostels en ouderlinge** ontvang. Uit hierdie berig kan 'n mens aflei dat die gelowiges in Jerusalem Paulus-hulle te wagte was en uitgesien het na hulle koms.

Aan al die gelowiges in Jerusalem het Paulus-hulle ook **verslag gedoen van wat God met hulle gedoen het.** Net soos aan die gemeente in Antiochië vertel Paulus-hulle ook aan die Jerusalem gemeente wat die Here gedoen het. Weereens beklemtoon Lukas hoe die Here vir Paulus-hulle gebruik het onder die heidene om die evangelie van Christus aan hulle te verkondig. In hierdie verslagdoening sou Paulus-hulle ook vertel het hoe die Here die heidene in Ciprus en Klein Asië tot geloof in Christus gebring het. In hierdie verslag sou die gelowiges in Jerusalem herken het dit wat die Here reeds met baie ander heidene ook gedoen – Hy bring hulle tot geloof in Jesus Christus en red hulle deur Christus alleen.

9. Wie is die gelowiges wat voorstanders van die besnydenis was? (vers 5)

10. Uit watter twee dele het hulle leer bestaan? (vers 5)

Lukas vertel dat **sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs** voorstanders van die besnydenis was. Dit wil sê, hulle was vroeër Fariseërs en as Fariseërs was dit vir hulle uiters belangrik om volgens die letter van die wet te lewe. Dit wil voorkom asof dit nie al die gelowiges wat vroeër Fariseërs was wat so geredeneer het nie – net sommige van hulle. Vir hierdie gelowiges was dit ondenkbaar dat die wet en die besnydenis wat daarmee saamgaan sommer nou netso verval het.

Daar was nie meer 'n onderskeid tussen die Christene in Jerusalem nie. Almal het saam vergader, want dit wil voorkom asof hierdie gelowiges uit die party van die Fariseërs teenwoordig was toe Paulus-hulle verslag gedoen het van die werk wat die Here deur hulle onder die heidene gedoen het. Terwyl hulle die verslag aanhoor het hulle die beswaar aangeteken dat mense uit die heidendom nie as volwaardige gelowiges beskou kan word nie.

Die leer van hierdie gelowiges wat uit die party van die Fariseërs kom het uit die volgende twee dele bestaan. In die eerste plek is dit **noodsaaklik dat die heidene besny word**. In die tweede plek moet hulle ook **beveel word om die wet van Moses te onderhou**.

Die eerste deel van hulle leer kon hulle vanuit die Skrif regverdig. Elke vreemdeling wat saam met Israel die voorregte van die verbond wil geniet, moet besny word (Eks 12:48-49). Daar is nie 'n probleem wanneer heidene hulle wend tot die God van Abraham nie. Jode het sulke mense verwelkom, maar hulle moet op bevel van die Here besny word. Die tweede deel van hulle leer hou verband met hulle verstaan van die wet. Vir die Fariseërs was die wet die middel waarmee hulle hulleself vir God aanvaarbaar maak. Hierdie gelowiges het dus geleer dat heidene eers voluit die Joodse geloof moet aanneem deur ook besny te word en dan moet hulle boonop ook nog voortgaan om die wet te onderhou sodat hulle hoe langer hoe meer aanvaarbaar vir die Here kan word. Hierdie voormalige Fariseërs kon nie of het nog

nie ingesien dat Christus se offer aan die kruis die enigste versoening is nie. Daarom was die stryd in die kerk so erg gewees – want hulle leer het reg teenoor die waarheid van die evangelie gestaan.

1.2 Handeling 15:6-11 – Petrus se getuienis

6 En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek. 7 En toe daar 'n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word. 8 En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons. 9 En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof. 10 Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie? 11 Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook.

1.2.1 Vrae by Handeling 15:6-11

1. Watter gebeure het hierdie vergadering noodsaaklik gemaak? (vers 6, vgl. ook vers 4 en 5)
2. Wanneer het hierdie woordwisseling plaasgevind? (vers 7)
3. Na watter gebeure verwys Petrus as hy van *lank gelede* praat? (vers 7)

Toe Paulus en Barnabas in Jerusalem deur die gemeente saam met die apostels en ouderlinge ontvang is, het hulle verslag gedoen van alles wat die Here met hulle onder die heidene gedoen het. Hulle het onder andere vertel hoe die Here Jode sowel as heidene op Ciprus en in die gebied van Galasië tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring het. Toe die gelowiges uit die Fariseërs dit hoor het hulle weer daarop aangedring dat die heidene ook besny moet word en die wet van Moses moet onderhou. **Hierdie gebeure het dit aan die apostels en ouderlinge duidelik gemaak dat dit noodsaaklik is om klarigheid hieroor te kry.** Daar kan nie twee verskillende wyses wees waarop 'n mens gered word nie.

Dit blyk dat die woordwisseling begin het **nadat dit vir die gelowiges duidelik was dat daar twee verskillende standpunte gehuldig word**. Paulus en Barnabas het vertel hoe die Here heidene slegs deur geloof in Christus gered het. Die gelowiges uit die Fariseërs is van oortuiging dat die besnydenis en die onderhouding van die wet ook vir die heidene geld sodat hulle soos die Jode deel kan kry aan die verlossing in Christus. Soos in Antiochië het hierdie twee teenoorstaande standpunte tot 'n debat onder die gelowiges gelei.

Van die vroegste tyd af – vergelyk Handeling 1 – het Petrus 'n leidende rol onder die gelowiges vervul. Petrus was dus iemand wat deur al die gelowiges gerespekteer is. Hy neem die eerste woord in hierdie vergadering en begin vertel wat die Here met hom in die verlede gedoen het ten opsigte van die heidene. Die gebeure waarna Petrus verwys is **die gesig wat hy in Joppe gehad het en die gevolglike verkondiging aan Cornelius en sy huis in Caesarea**.

In Handeling 11 verhaal Lukas hoe Petrus aan die apostels en die ander gelowiges in Jerusalem vertel het van die gesig wat hy gehad het. Deur hierdie gesig het die Here vir Petrus geroep om die evangelie aan Cornelius – die Romeinse offisier – en sy huis te bring. Hy het ook vertel hoe die Here aan Cornelius en sy huis die Heilige Gees gegee het netsoos wat Hy in die begin aan die Joodse gelowiges in Jerusalem gedoen het. Dat Petrus deur die Here verkies is om die evangelie aan die heidene te bring sodat hulle gelowig kon word, was dus goed bekend aan die apostels en ouderlinge, want Petrus het dit nog self aan hulle vertel.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">4. Hoe het God bevestig dat die heidene deur die verkondiging van die evangelie regtig gelowig geword het? (vers 8)5. Hoe het God die Jode en die heidene dieselfde behandel? (vers 9) |
|---|

Petrus herinner nog die apostels en die ouderlinge van dit wat gebeur het toe hy deur die Here na Cornelius gestuur is om die evangelie te verkondig. Destyds toe Petrus nog besig was om die evangelie aan Cornelius en sy huis te verkondig, **het die Here die Heilige Gees aan hulle gegee sodat hulle ook in ander tale begin**

het om die Here te prys. Destyds het Petrus besef dat die gebeure in Cornelius se huis God se eie bevestiging is dat Cornelius en sy huis waarlik gelowig geword het.

In hierdie herinnering aan daardie gebeure van destyds beklemtoon Petrus ook dat almal moet onthou dat God die Kenner is van die mens se hart. Niemand kan die Here 'n rat voor die oë draai en dink dat hy met 'n gebluf die Heilige Gees sal ontvang nie. Daarom kan die apostels en die ouderlinge in die vergadering verseker weet dat Cornelius en sy huis waarlik gelowig geword het en hulle is deur die geloof gered. God het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te gee.

Petrus het reeds gesê dat die heidene die Heilige Gees ontvang het net soos wat die Jode ook die Heilige Gees ontvang het. Hiermee verwys Petrus na dit wat op Pinksterdag gebeur het. By die aanvanklike gelowig word, is daar dus geen verskil tussen heidene en Jode nie. Die Here het in albei gevalle die Heilige Gees gegee. Die ooreenstemming tussen dit wat met gelowige Jode en gelowige heidene gebeur, is die feit dat **die Here ook die heidene se harte deur die geloof gereinig het, soos wat Hy dit met die Jode gedoen het.**

Deur dit so te stel soos wat hy dit gesê het, het Petrus reeds begin duidelik maak dat dit nie die besnydenis is of die onderhouding van die wet wat 'n mens se hart reinig nie. Dit is die Here wat deur die geloof 'n mens se hart reinig. Hy het dit met die Jode gedoen en doen dit op dieselfde wyse ook met die heidene wat gelowig geword het.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">6. <i>Waarom vra Petrus waarom versoek julle God? (vers 10)</i>7. <i>Hoe kon die vaders en hulle nageslag nie die juk dra nie? (vers 10)</i>8. <i>Hoe word enige mens – Jood en heiden – gered? (vers 11)</i> |
|---|

In sy getuienis aangaande die werk wat die Here met Cornelius en sy huis gedoen het, het Petrus reeds gesê dat Cornelius en sy huis gered is deur die geloof in Jesus Christus. Dat hulle gelowig geword het, het God self bevestig deur aan hulle die kragtige werking van die Heilige Gees te gee. Wanneer die gelowiges uit die Fariseërs nou beweer dat die heidene eers besny moet word en ook die wet moet

onderhou sodat hulle gered kan word, beteken dat die Here se eie getuienis oor die redding van die heidene nie geglo word nie. Die gelowiges uit die Fariseërs wil self die maatstaf aanlê vir iemand om gered te word in plaas daarvan om die Here se eie getuienis te glo. **Op hierdie wyse versoek 'n mens dan vir God.**

God word egter ook versoek wanneer daar nou gesê word dat die heidene eers besny moet word sodat hulle waarlik gered kan wees. Daarmee gee die gelowiges uit die Fariseërs te kenne dat die verlossing wat God in sy Seun Christus skenk nie genoegsaam is nie.

Die Ou Testament is vol van die getuienis dat die voorouers van die Jode nie in staat was om die wet ten volle te onderhou nie. Reeds aan die begin van Israel se bestaan as volk word dit duidelik dat hulle nie in staat is om die wet voluit te gehoorsaam nie. In plaas daarvan om aan die Here getrou te bly, maak hulle eerder 'n goue kalf en bring offers daarvoor. Tot in die laaste dae van die Ou Testament lees 'n mens hoe die wet deur die Jode oortree is – Maleagi en Nehemia getuig van hierdie oortredings. **Die vaders was dus nie in staat om hierdie juk van die wet te dra nie – hulle het die wet keer op keer oortree.**

Ook die Jode in Petrus se dae was nie in staat om die juk van die wet te dra nie. In sy vermanings van die Fariseërs maak Jesus dit duidelik dat die Fariseërs jukke op die skouers van mense plaas deur van hulle wetgehoorsaamheid te eis, maar hulle gehoorsaam self nie die wet nie. **Dus is dit vir die Jode in die dae van Petrus ook nie moontlik om voluit gehoorsaam te wees aan die wet nie – hulle kan ook nie die juk dra nie.** Tog wil die gelowiges uit die Fariseërs nou dieselfde juk op die skouers van die heidene plaas terwyl hulle weet dat dit vir 'n mens nie moontlik is om die juk volmaak te dra nie.

Ter afsluiting van sy getuienis sê Petrus dat die heidene deur die genade van die Here Jesus Christus gered word. Deur die verkondiging van die evangelie het die Heilige Gees die geloof in die harte van die heidene opgewek en God het hierdie geloof bevestig met die kragtige werk van die Heilige Gees. Op dieselfde wyse as wat die heidene gered is – **deur die genade van Christus** – word die Jode ook gered. Die Jode se wetsgehoorsaamheid of vermeende wetsgehoorsaamheid dra geensins by tot hulle verlossing nie. Die Jode se verlossing rus alleenlik in die

genade van die Here, soos wat die heidene se verlossing ook in die genade van die Here rus. Ons moet goed oplet dat Petrus sê die Jode word op dieselfde wyse as die heidene gered en nie dat die heidene op dieselfde wyse as die Jode gered word nie.

1.3 Handeling 15:12 – Paulus en Barnabas se getuienis

12 En die hele menigte het geswyg en na Barnabas en Paulus geluister, terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.

1.3.1 Vrae by Handeling 15:12

1. Wat kan ons aflei as Lukas twee keer (Hand 15:12, 13) sê dat die vergadering geswyg het? (vers 12)
2. Waarom word hier nou weer Barnabas se naam eerste genoem? (vers 12)
3. Wat beklemtoon Barnabas en Paulus wanneer hulle vertel van die tekens en wonders wat God gedoen het? (vers 12)

Toe die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vergader het, was hulle oogmerk om vanuit die Skrif 'n antwoord en rigting te kry vir die probleem waarmee hulle nou te doen gehad het. Wanneer Lukas opmerk dat hulle **geswyg het** sodat daar aan 'n volgende spreker geleentheid gegee kon word, is dit juis om te wys wat die oogmerk was. Elkeen van die sprekers kry ruim geleentheid om sy stelling te maak. Die ander het geswyg omdat hulle wou luister wat die volgende een sê. En indien iemand verkeerd was, is hy bereid om te luister en deur die ander een van die waarheid oortuig te word.

Tot en met Paulus-hulle se vertrek van Ciprus af na Klein Asië is Barnabas se naam telkens eerste genoem. Tot 'n sekere mate het Barnabas leiding geneem, aangesien hy 'n boorling van Ciprus was. Gedurende die tydperk wat hulle in Klein Asië was het Paulus die leiding geneem. Dit is nou vir die eerste keer weer dat Lukas Barnabas se naam eerste noem. **Barnabas is steeds onder die gelowiges in Jerusalem 'n gerespekteerde voorganger.** Dit is immers hy wat Paulus destyds aan die apostels bekend gestel het. Ter wille van Barnabas se bekendheid onder

die Jode in Jerusalem het Paulus waarskynlik terug getree, sodat Barnabas eerste kon vertel wat die Here onder die heidene gedoen het.

Barnabas en Paulus wat self Jode is, weet hoeveel tekens en wonders vir die Jode beteken. Die Jode het nog by Jesus aangedring om 'n teken te doen sodat hulle Hom kon glo. Wanneer hulle dan aan die vergadering vertel watter tekens en wonders God deur hulle onder die heidene gedoen het, **beklemtoon hulle dat God werklik aan die werk is onder die heidene**. Dit is Hy wat die heidene tot bekering en geloof in Christus bring. Dit het in Klein Asië gebeur net soos wat Petrus vertel het dit met Cornelius en sy huis gebeur het.

1.4 Handeling 15:13-21 – Jakobus se getuienis en slotsom

13 En nadat hulle geswyg het, antwoord Jakobus en sê: Broeders, luister na my! 14 Simeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. 15 En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: 16 Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, 17 sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.

18 Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend. 19 Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoellik nie, 20 maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed. 21 Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoges gelees word.

1.4.1 Vrae by Handeling 15:13-21

1. Wie is hierdie Jakobus wat die woord gevoer het? (vers 13)
2. Op grond waarvan maak Jakobus sy uitspraak oor die inhoud van Simeon se woord? (vers 14)
3. Uit watter profeet haal Jakobus aan en hoe het daardie profesie betrekking op die saak waaroor die apostels vergader? (vers 15-17)

Hierdie **Jakobus** is die broer van Jesus wat ook die brief Jakobus geskryf het. Ons lees die eerste keer van hierdie Jakobus in Handeling 12:17. Reeds teen die tyd toe Petrus uit die gevangenis vrygelaat is, het Jakobus 'n leidende rol onder die gelowiges in Jerusalem vervul. Die ander bekende Jakobus was die broer van Johannes wat ook 'n apostel was. Laasgenoemde Jakobus is nog deur Herodes om die lewe gebring (Hand 12:2).

Jakobus maak sy uitspraak op grond van Simeon se eie vertelling (Hand 15:7-11). Wanneer Jakobus die naam Simeon gebruik, verwys hy na Petrus se Joodse naam. Met hierdie eg Joodse agtergrond kom Jakobus na die saak op die tafel van die vergadering.

In sy vertelling lê Petrus die klem op God se begeerte – God wou dat die heidene die woord van die evangelie hoor en tot geloof kom. Vir hierdie doel het die Here vir Petrus uit die apostels afgesonder om die evangelie aan Cornelius en sy huis te bring. Wanneer Jakobus praat van *die begin* verwys hy na Petrus se eie woorde toe hy gesê het *lank gelede*. Daarmee het Jakobus en Petrus verwys na die begin jare van die kerk se bestaan.

Jakobus maak egter in sy stelling gebruik van woorde wat vir Jode skokkend sou wees. Hy sê dat God uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. Jode het hulleself as volk van God beskou en in die Nuwe Testament word die woord *laos* gebruik. Die woord wat gebruik is om na ander nasies te verwys, is die woord *ethnê* wat hier vertaal is met *heidene*. In sy uitspraak maak Jakobus dit duidelik dat God reeds onder die heidene 'n volk het, soos wat Hy al vir baie lank onder die Jode 'n volk het. God se volk in die Nuwe Testament bestaan dus uit verskeie nasies en nie net uit die Jode nie.

Jakobus haal **Amos 9:11-12** aan. Die bekering van die heidene waarvan Petrus so pas getuig het, is in volle ooreenstemming met dit wat die profete lank gelede reeds geprofeteer het. Na die groot verdrukking waarvan Amos in die vorige drie verse geprofeteer het (Amos 9:8-10), sal die Here weer die vervalle hut van Dawid oprig. Hy sal sy volk Israel herstel. En die herstel en oprigting van Israel is nie 'n doel in sig

self nie. Die Here sal Israel weer oprig en herstel **sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is.**

Dit is in laasgenoem woorde wat ons ook hoor hoe die profesie van Amos betrekking het op die saak wat tans op die vergadering se tafel is. Die nasies waaruit die Here vir Hom 'n volk bymekaar wil maak, sal die Here soek en hulle sal na die herstelde hut van Dawid toe kom. In hierdie profetiese woorde van Amos is daar nie sprake daarvan dat die nasies eers Jode moet word voordat hulle die Naam van die Here aanroep nie. Die Here het reeds sy Naam oor hulle uitgeroep daarom kom soek hulle die Here. Die Here het hulle reeds aanvaar en aanneemlik vir Homself gemaak. Daarom is nie nodig dat hulle iets moet doen om ook by die Jode of in die kerk aanneemlik te wees nie.

4. Hoe moet ons die woorde van Jakobus *daarom oordeel ek* in vers 19 verstaan?
5. Waarmee moet die gelowiges uit die heidene nie bemoeilik word nie? (vers 19)
6. Wat is die bedoeling daarvan om aan die gelowiges uit die heidene te sê dat hulle hulleself van hierdie vier dinge moet weerhou? (vers 20)

Die woorde **daarom oordeel ek** moenie verstaan word dat Jakobus in 'n sin die beslissende stem gehad het op die vergadering nie. Dit is moontlik dat Jakobus eerder 'n leidende rol in die vergadering vervul het. En nadat elkeen geleentheid gehad het om getuienis te gee van die Here se werk wat hulle beleef het en hulle die getuienis van die Here self uit die profete gehoor het, het Jakobus 'n opsomming en 'n gevolgtrekking gegee. Met ander woorde, ons kan hierdie woorde ook soos volg verstaan: *Uit al hierdie getuienis maak ek die volgende afleiding ...*

Die mense uit die heidene wat hulle tot God bekeer het, glo reeds in Jesus Christus. Daarom is dit nie nodig om nog 'n verdere vereiste aan hulle te stel deur te verwag dat hulle besny moet word en die wet moet onderhou nie. **Sulke vereistes veroorsaak dat gelowiges uit die heidene die idee kry dat die doelpale verskuif word** en dit bemoeilik die geloofslewe vir hulle.

In vers 19 het Jakobus in werklikheid gesê hoe die Joodse Christene nie die

geloofslewe vir die Christene uit die heidendom moet bemoeilik nie. **In vers 20 word nou met die Christene uit die heidendom gepraat sodat hulle ook die Joodse Christene ten opsigte van sekere sake moet in ag neem.** Drie van die vier dinge waarvan die Christene uit die heidendom hulle moet weerhou, het met die eet gewoontes van die Jode te doen – vleis wat aan afgode geoffer is, vleis van diere wat verwurg en dus nog die bloed in die karkas het. Die vierde saak het nie net te doen met egbreek pleeg nie, maar eerder met die seksuele praktyke wat algemeen aanvaarbaar was sowel as sekere huweliksverhoudings wat kragtens Levitikus 18 nie geoorloof is nie.

Vir die Jode en ook baie Joodse Christene is hierdie voorskrifte in Levitikus belangrik, aangesien dit van die vroegste tye af in elke stad tydens die eredienste in die sinagoges voorgelees is. Ter wille van die Christene se getuienis teenoor ongelowige Jode en ter wille van die goeie verhoudinge tussen Jode en nie-Jode in die kerk word die Christene uit die heidendom geleer om nie hulle vryheid in Christus te misbruik deur sonde te doen nie.

2. Handeling 15:22-29 – Die amptelike besluit van die vergadering

22 Toe het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om manne uit hulle te kies en na Antiochië te stuur saam met Paulus en Bárnabas, naamlik Judas, met die bynaam van Bársabas, en Silas, manne wat voorgangers onder die broeders was. **23** En hulle het deur hul bemiddeling dít geskrywe: Die apostels en die ouderlinge en die broeders aan die broeders uit die heidene in Antiochië en Sírië en Cilícië: Groete! **24** Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou, **25** het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Bárnabas en Paulus – **26** manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus. **27** Ons het dan Judas en Silas afgevaardig om ook mondeling dieselfde berig te bring. **28** Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: **29** dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

2.1 Vrae by Handeling 15:22-29

1. Waarom het die apostels en ouderlinge saam met die gemeente manne uit hulleself gekies om saam met Paulus en Barnabas na Antiochië terug te keer? (vers 22)
2. Wat kan ons uit Lukas se beskrywing van hierdie verkose manne aflei? (vers 22)

Die voorstel wat Jakobus gemaak het na aanleiding van die getuienisse het uiteindelik die besluit van die vergadering geword. Dit wil voorkom of die manne wat op die vergadering was en aanvanklik nog die standpunt gehuldig het dat Christene uit die heidene ook besny moet word deur die getuienisse tot dieselfde oortuiging gekom het dat dit nie nodig is dat Christene uit die heidendom besny moet word nie. Nou dat die besluit geneem is, moet die besluit oorgedra word aan die gemeente in Antiochië, want die vraagstuk het vandaar af gekom.

Die regsreël dat die getuienis van twee of drie getuies vasstaan, geld steeds in die kerk in Jerusalem. Alhoewel Paulus en Barnabas self die besluit aan die gemeente kon gaan oordra, het die apostels en ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om twee manne uit hulle geledere te kies om saam met Paulus en Barnabas na Antiochië te gaan om die besluit oor te dra. **In die mond van hierdie twee getuies uit die geledere van die gemeente in Jerusalem sal die waarheid van die besluit vasstaan.** Saam met die getuies is die besluit ook skriftelik aan hulle gegee. Daar is dus drie getuies wat vir die waarheid van die vergadering se besluit instaan.

Die manne wat verkies is om saam met Paulus en Barnabas na Antiochië terug te keer, was Judas wat ook Barsabas genoem is en Silas. Judas was verseker 'n Joodse Christen in Jerusalem. Daar is kommentare wat Judas Barsabas verbind met Josef Barsabas (Hand 1:23). Josef Barsabas was saam met Matthias genomineer uit wie die twaalfde apostel in die plek van Judas Iskariot gekies moes word. Hierdie kommentare is van oordeel dat Judas en Josef broers was.

Na alle waarskynlikheid was Silas ook 'n Joodse Christen, maar sy naam laat 'n mens dink dat hy waarskynlik 'n Griekssprekende Jood was. Die apostels en

ouderlinge het dus saam met die gemeente besluit om **twee Joodse Christen broers te stuur uit albei dele van die gemeente – die Hebreussprekendes sowel as die Griekssprekendes**. Verder maak Lukas ook melding daarvan dat **albei hierdie manne voorgangers was in die gemeente in Jerusalem**. Hulle was dus bekend as manne aan wie die Here die gawes gegee het om leiding in die gemeente te neem.

3. Hoe is die besluit oorgedra en aan wie is dit in besonder oorgedra? (vers 23)
4. Hoe stel die vergadering wat het aanleiding gegee tot die besluit om manne saam met Barnabas en Paulus te stuur? (vers 24)
5. Wat kan ons aflei in verband met die gesindheid teenoor Barnabas en Paulus? (vers 25-26)

Soos wat Lukas dit stel blyk dit dat die vergadering gesamentlik die skrywe opgestel het en dit is geskryf deur die bemiddeling van van Paulus en Barnabas. Dit wil sê, Paulus en Barnabas het groot inspraak gehad met die opstel van die skrywe. Die vergadering het ook besluit om die uitslag van die vergadering **skriftelik** aan die gemeentes oor te dra. Dit is immers 'n amptelike vergadering wat saamgeroep is oor 'n bepaalde saak. Aangesien die saak vanuit die gemeente in Antiochië kom, is dit ook ordelik om die gemeente dan in besonder te antwoord.

Hierdie skrywe is in besonder gerig aan die **broeders uit die heidene in Antiochië, Sirië en Cilicië**. In hierdie plekke was daar gemeentes met gemengde lidmate – Joodse Christene sowel as heidene wat tot bekering gekom het. Die skrywe word in besonder aan die dele van die gemeentes gerig wat vroeër heidene was. Dit was in hierdie gemeentes waar die onrus gestook is en waar die potensiaal bestaan het dat die gemeentes in twee kon verdeel met die Joodse Christene aan die een kant en die wat vroeër heidene was aan die ander kant.

Die aanleiding tot die besluit om Judas en Silas saam met Paulus en Barnabas na Antiochië te stuur, was **die koms van sommige uit Jerusalem wat die gemeentes in Antiochië verontrus het**. Die vergadering erken dat die mense wat die onrus veroorsaak het, het inderdaad uit Jerusalem en Judea gekom, maar hulle het nie in

opdrag van die apostels en ouderlinge gegaan nie. Met hierdie stelling maak die vergadering dit duidelik dat die manne wat die onrus veroorsaak het nooit die opdrag gehad het om die besnydenis te propageer asof dit die amptelike standpunt van die kerk is nie. Die vergadering erken ook dat die praatjies van hierdie ongemagtigde manne die gemeentes met hulle woorde ontstel het en dat hulle die gemoedere verontrus het.

Die vergadering het eenparig besluit om Judas en Silas amptelik af te vaardig om saam met Paulus en Silas die besluit van die vergadering oor te dra. Die gemeentes moet geensins twyfel hê oor die geloofwaardigheid van hierdie twee manne nie. Hulle kom – inteenstelling met die wat die onrus veroorsaak het – met die volle goedkeuring van die apostels en die ouderlinge na Antiochië.

Uit die wyse waarop die apostels en ouderlinge van Paulus en Barnabas praat, hoor 'n mens dat **hulle twee werklik geliefd was onder die apostels en ouderlinge**. Die apostels en ouderlinge gee ook opregte erkenning vir die werk wat Paulus en Barnabas gedoen het en steeds doen deur by te voeg dat hulle manne is wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van Jesus Christus. Hieruit kan 'n mens aflei dat die apostels en ouderlinge ook deeglik kennisgeneem het van die verdrukking wat Paulus en Barnabas ter wille van die Naam van Christus gedra het.

6. Waarom moes Judas en Silas dieselfde berig mondeling bring? (vers 27)
7. Wat kan ons aflei wanneer daar gesê word dat die *Heilige Gees en ons het besluit?* (vers 28)

Judas en Silas is amptelik deur die vergadering in Jerusalem afgevaardig om die waarheid aangaande die besluit oor die besnydenis aan die gemeente in Antiochië oor te dra. Hierdie afvaardiging staan lynreg teenoor die ander persone wat van Judea afgekom het sonder enige sanksie en tog die besnydenis verkondig het.

Judas en Silas tree dus as twee getuies op van dit wat op die vergadering besluit is. Hulle mondelinge berig is dus 'n bevestiging van die skriftelike besluit wat met hulle saam gegee is. Paulus en Barnabas is vir die gemeente in Antiochië ook

betroubare getuies, maar Judas en Silas is die afgevaardigdes vanuit Jerusalem om die berig ook mondeling te bring. Met hierdie afvaardiging is die band tussen die gemeente in Jerusalem en Antiochië versterk.

Die slotsom waartoe Jakobus in die vergadering gekom het, was nie maar sy eie uitvindsel nie. Gelei deur die Heilige Gees het hy vanuit die getuienis van Petrus en van Paulus en Barnabas saam met die getuienis vanuit die profete tot hierdie slotsom gekom. **Alhoewel Jakobus die slotsom verwoord het, het die Heilige Gees die hele vergadering gelei om hierdie slotsom as hulle besluit te aanvaar en goed te keur.** Dit is 'n besluit waarin die Heilige Gees die kerk gelei het om verantwoordelik te bly aan die evangelie en Jesus Christus te eer as die enigste volmaakte Verlosser. Die Heilige Gees lei die twee dele van die kerk – die gelowiges uit die Jode en die gelowiges uit die heidene – in die besluit om ook bedagsaam teen mekaar te wees, sodat die eenheid in die kerk bewaar kan word.

3. Handeling 15:30-35 – Paulus en Barnabas keer terug na Antiochië

30 So is hulle dan weggestuur en het in Antiochië gekom, en hulle het die menigte bymekaargeroep en die brief afgelewer. **31** En toe hulle dit gelees het, was hulle bly oor die bemoediging. **32** En Judas en Silas, wat self ook profete was, het die broeders met baie woorde bemoedig en versterk. **33** En nadat hulle 'n tyd daar deurgebring het, het die broeders hulle met vrede na die apostels laat gaan. **34** Maar Silas het besluit om daar te bly.

35 En Paulus en Barnabas het in Antiochië gebly en, saam met nog baie ander, onderrig gegee en die blye boodskap van die woord van die Here verkondig.

3.1 Vrae by Handeling 15:30-35

1. Wie het in Antiochië gekom en wie was bly oor die bemoediging in die brief? (vers 30-31)
2. Wat het Judas en Silas in Antiochië gedoen? (vers 32)
3. Waarom het die gemeente in Antiochië die broeders in vrede laat gaan? (vers 33)
4. Wat kan ons uit vers 35 aflei oor die lewe in die gemeente in Antiochië?

Net nadat die vergadering in Jerusalem die besluit geneem oor die vraagstuk of heidene wat tot bekering kom ook besny moet word, het die apostels en die ouderlinge besluit om Judas en Silas saam met Paulus en Barnabas na Antiochië terug te laat keer. Dit is dan **hierdie vier manne** sowel as diegene uit die gemeente in Antiochië wat saam met Paulus en Barnabas Jerusalem toe was wat in Antiochië aangekom het.

Hierdie vier manne moes die besluit aan die gemeente oordra wat skriftelik deur die vergadering opgestel is. 'n Mens kan jou indink **dat die gemeente in groot afwagting was oor die vergadering en die uiteindelik besluit wat sou geneem word**. Hulle vreugde was groot toe hulle vanuit die skriftelike antwoord verneem het dat heidene wat tot bekering in Jesus Christus gekom het nie besny hoef te word nie. Daar was dus groot blydskap dat die gelowiges uit die heidendom in Antiochië en in die ander plekke in Klein Asië werklik op grond van die genade van God gered is.

Judas en Silas is deur die vergadering in Jerusalem afgevaardig om die skriftelike besluit te bevestig. Hulle twee was amptelik deur die gelowiges in Jerusalem gestuur om die waarheid oor die verlossing van die heidene oor te dra. Hulle koms is dan in teenstelling met die sekere persone wat in Antiochië aangekom het sonder enige sanksie van die gelowiges in Jerusalem. Judas en Silas was profete – manne wat insig in die Woord van die Here gehad het en dit kon uitlê en toepas – wat die gemeente in Antiochië bemoedig en versterk het.

Judas en Silas was met 'n spesifieke opdrag na Antiochië gestuur. Nadat hulle hulle mandaat vervul het, het dit hulle vrygestaan om terug te keer na Jerusalem. Die gemeente in Antiochië het dus nie seggenskap gehad oor waar Judas en Silas werksaam moes wees nie. **Hulle was immers verbonde aan die gemeente in Jerusalem**. Daarom het die gemeente in Antiochië hulle die vryheid gegee om in vrede weer terug te keer na Jerusalem toe. Silas het egter self besluit om in Antiochië aan te bly. Uit sy naam lei ons af dat hy 'n Griekssprekende Jood was en waarskynlik tuis gevoel het in die gemeente in Antiochië wat uit soveel verskillende bevolkingsgroepe bestaan het.

Paulus en Barnabas het saam met baie ander wat die gawes van die Gees ontvang het voortgegaan om met hulle werksaamhede in die gemeente. Hulle het die mense onderrig en die blye boodskap van die Here se genade verkondig. **Die omstandighede in Antiochië het weer rustig geword sodat Paulus en Barnabas weer kon doen wat hulle saam destyds in Antiochië gedoen het toe Paulus daarheen gebring is (Hand 11:26).**

4. Handeling 15:36-41 – Paulus en Barnabas se weë skei

36 En 'n paar dae daarna het Paulus vir Bárnabas gesê: Laat ons teruggaan en ons broeders besoek in al die stede waarin ons die woord van die Here verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan.

37 En Bárnabas wou Johannes, wat Markus genoem word, saamneem. 38 Maar Paulus het dit nie reg geag om hóm saam te neem wat van Pamfilië af hulle verlaat het en nie saam met hulle na die werk gegaan het nie. 39 Daar het toe 'n verbittering ontstaan, sodat hulle van mekaar geskei het; en Bárnabas het Markus saamgeneem en na Ciprus uitgeseil. 40 Maar Paulus het Silas gekies en afgereis nadat hy deur die broeders aan die genade van God opgedra was. 41 En hy het Sírië en Cilícië deurgegaan en die gemeentes versterk.

4.1 Vrae by Handeling 15:36-41

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarom wou Paulus teruggaan na die gemeentes wat die Here tot stand gebring het? (vers 36)2. Waarom wou Barnabas vir Markus saamneem? (vers 37)3. Waarom wou Paulus nie vir Markus saamneem nie? (vers 38)4. Wat was die gevolg van die verskil oor Markus? (vers 39-41) |
|--|

Paulus en Barnabas was bemoedig deur die besluit van die vergadering in Jerusalem. Die besluit het weer rustigheid in die kerk in Antiochië gebring sodat hulle twee weer soos vroeër die gemeente kon onderrig en die evangelie van Christus kon verkondig. **Net soos wat die gemeente in Antiochië nodig gehad**

het om voortdurende onderrig en verkondiging te ontvang, so het die ander gemeentes dit ook nodig gehad. Daarom wou Paulus na die stede toe gaan.

Paulus het aan Barnabas die voorstel gemaak om terug te gaan na die stede waar hulle vroeër die evangelie verkondig het. Die stede waarna hy verwys is die stede in Galasië en op Ciprus. Lukas sê dat Paulus hierdie voorstel 'n paar dae daarna gemaak het. Dit wil sê, dit moes maar enkele dae wees nadat hulle twee saam met Judas en Silas die besluit van die vergadering aan die gemeente oorgedra het en Judas weer na Jerusalem vertrek het.

In die beskrywing wat Lukas gee, word daar nie melding gemaak of daar by Paulus toe al kommer was oor die invloed van die voorstanders van die besnydenis op die gemeentes in Galasië nie. Dit blyk ook nie dat Paulus enigsins berig vanuit Galasië ontvang het oor die bedrywighede van die voorstanders van die besnydenis nie. Paulus se voorstel om na hierdie gemeentes te gaan, was dus regtig om te gaan sien hoe dit met hulle gaan en om hulle verder te versterk in die geloof. Volgens die datering van die brief aan die Galasiërs en die begin van die tweede sendingreis wil dit voorkom of Paulus tot sy skok die invloed van die Judaïste gesien het juis tydens hierdie besoek aan die gemeentes.

Johannes Markus is Barnabas se neef en was tydens die eerste sendingreis saam met Paulus en Barnabas deur Ciprus tot by Pamfilië. In Pamfilië het Markus teruggekeer na Jerusalem (Hand 13:5, 13). Ons het Barnabas leer ken as iemand wat volgens sy geaardheid – seun van die vertroosting – optree. Hy het destyds vir Paulus aan die apostels voorgestel omdat hy oortuig was dat Paulus werklik deur die Here bekeer en geroep is vir diens in sy koninkryk. **Afgesien daarvan dat Johannes familie van hom was, het Barnabas gereken dat Johannes tog nog 'n geleentheid behoort te kry om as helper op die volgende reis te gaan.** Daar het immers nou al twee verloop sedert Johannes van die eerste sendingreis af teruggegaan het na Jerusalem toe. Johannes kon nou meer volwasse gewees het – emosioneel en geestelik. Of dit wat Johannes destyds verhinder het om met die werk voort te gaan is nou uit die weggeruim.

Paulus het egter anders oor Johannes gedink. Uit wat ons in hierdie woorde van Lukas hoor, klink dit asof Paulus teleurgesteld was in Johannes omdat hy miskien nie die uithou vermoë gehad het om met die werk voort te gaan nie. **Die feit dat Johannes die eerste keer omgedraai het was vir Paulus genoeg rede om hom nie op die nuwe reis saam te neem nie.** Johannes kan weer tou op gooi en omdraai.

Die Heilige Gees lei ons nie om te kan sien wie van Barnabas of Paulus reg was in sy beoordeling van Johannes nie. Hy lei ons slegs om te sien dat Barnabas en Paulus nie saamgestem het oor Johannes se betrokkenheid by die werk nie. En hierdie verskil het tot 'n verbittering gelei. Hulle kon eenvoudig net nie met mekaar ooreenstem nie. In plaas daarvan om met die verbittering op die reis te gaan, het hulle besluit om eerder van mekaar te skei en elkeen 'n eie rigting te gaan.

Barnabas en Johannes Markus het toe saam weggevaar na Ciprus toe. Dit is waar hy en Paulus nog destyds begin het toe die Heilige Gees hulle uit Antiochië gelei het. Paulus het vir Silas gekies – dit is die Silas wat saam met hulle van Jerusalem afgekom het na die vergadering. Nadat die gemeente hulle aan die Here se genade opgedra het, het hulle deur Sirië en Cilicië gereis. Paulus het dus oor land gereis na waar hy destyds in Cilicië ook gewerk het.

Dat Barnabas en Paulus so erg van mekaar verskil het oor Johannes dat hulle weë van mekaar geskei het, kan ons nie as reg in die oë van die Here beskou nie. Maar die Here het ook hierdie verkeerde ding gebruik om sy doel te bereik. Nou word daar gelyktydig op twee verskillende plekke gewerk om die gelowiges te versterk en die evangelie verder te verkondig.